CECIL SCHOLTZ APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

SAAK NR 54/87
/CCC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak

CECIL SCHOLTZ APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

CORAM: HEFER, NESTADT ARR et STEYN Wnde AR

DATUM VERHOOR: 4 SEPTEMBER 1987

DATUM GELEWER: 22 SEPTEMBER 1987

---

U I T S P R A A K

NESTADT, AR:

Die appellant is in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling op twee aanklagte van

verkragting/ ......

verkragting skuldig bevind. Ten opsigte van die een is hy tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnis. Op die ander is hy ter dood veroordeel. Met verlof van die Verhoorhof (NEL R), kom hy nou in hoër beroep slegs teen die doodvonnis hom opgelê.

'n Samevatting van die tersaaklike bewese feite is die volgende. Appellant, 'n kleurling man, is op 19 November 1964 gebore. Hy was dus ten tye van die misdaad 21 jaar oud. Hy was ongetroud en werkloos. Hy het st 3 op skool geslaag. Hy het twee vorige veroordelings gehad; een op 1 November 1983 vir aanranding met 'n mes en een op 30 September 1985 vir diefstal. Ten opsigte van e g is hy tot vyf houe met 'n ligte rottang gevonnis; wat lg betref tot 'n boete van R50 of twee

maande/ ......

maande gevangenisstraf plus 'n verdere vier maande gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is. Op 9 Oktober 1985 het hy die eerste verkragting gepleeg. Dit is onnodig om die besonderhede hiervan uiteen te sit. Kort daarna is hy daarvoor gearresteer maar is toe op borgtog vrygelaat. Op 25 November 1985 pleeg hy die tweede verkragting. Om ongeveer 11:30 vm het die klaagster op die stoep van haar ouers se huis te Paarl gesit en studeer. Sy was 'n 19 jaar oue universiteitstudent wat die Verhoorhof as 'n fyngeboude en welopgevoede, beskaafde jong dame beskryf het. Sy was 'n maagd. Sy was alleen by die huis. Appellant het verby gestap en haar gesien. Hy het besluit om geslagsgemeenskap met haar te hê. Om te verhoed dat sy hom

sien nader kom het hy voorgegee dat hy verby die huis loop. Hy het egter op 'n plek oor die erfmuur gespring en haar van agter af genader. Hy het 'n mes in sy hand gehad wat hy teen haar keel gedruk het. Sy het opgespring. Hy het haar beveel om stil te bly. Sy het groot geskrik. Sy was so geskok dat sy haar broek natgemaak het. Sy het agteruit in die rigting van die voordeur van die huis tot in die sitkamer beweeg. Hy het haar met die een hand vasgehou en in die ander hand het hy die mes gehad. Hy sê toe vir haar dat sy haar broek moet aftrek en dat as sy dit nie doen nie hy haar sal "sny". Die volgende wat sy onthou is dat hy haar toe op die vloer verkrag. Toe hy op haar gelê het het hy haar gesoen (nadat hy aan haar gesê

het/ ......

het dat sy hom moes soen en sy geweier het). Die mes was nog steeds in sy hand maar hy het dit 'n entjie weggegooi nadat sy hom gevra het om dit te doen. In 'n stadium het hy haar gesê sy moet aan sy geslagsoorgaan vat maar sy het geweier. Toe lui die telefoon. Hy het opgespring en uit die huis weggehardloop. Nadat sy seker was dat hy weg is, het sy die telefoon geantwoord. Dit was haar stiefpa. Sy het aan hom gesê dat hy onmiddellik huis toe moes kom omdat sy verkrag is. Sy het gehuil. Toe hy daar, binne minute aangekom het, het hy haar in die toilet gevind waar sy haar toegesluit het. Sy was, in sy woorde, "heeltemal histeries". Later is hulle na die polisiestasie en die distriksgeneesheer toe. Die dokter was van mening

dat/ ......

dat penetrasie plaasgevind het. Appellant is daardie aand gearresteer. Kort daarna het hy die misdaad erken. As gevolg van die voorval moet klaagster sielkundige behandeling ontvang, hoofsaaklik vir vrees en ook, soos sy dit gestel het, "my sosiale lewe ... die verhouding met my vriend". Volgens haar stiefpa is sy "altyd baie bang, vernaamlik in die nagte. Dan dink sy altyd daar is iemand wat om die huis loop of daar is gevaar ... Sy ly aan hewige depressie en sy bel dikwels haar ma en dan huil sy op die telefoon en dan is haar ma ook baie ontstig en omgekrap". Appellant, in sy getuienis, (nadat hy skuldig gepleit het) het beweer dat hy die misdaad onder die invloed van dwelmmiddels gepleeg het. Die Verhoorhof het dit egter verwerp.

Dit dan die vernaamste feite waarop die hof benede vonnis moes vel. In sy uitspraak in dié verband het NEL R, nadat hy bevind het dat berou aan die kant van appellant nie bewys is nie, oa die volgende gesê;

> "By die oplegging van straf moet die beskuldigde se persoonlike omstandighede in ag geneem word. Hy was relatief jonk, ongeveer 21 jaar oud, sy agtergrond kan nie as gelukkig beskryf word nie en hy het slegs standerd drie geslaag. Sy vorige veroordelings is nie ernstig van aard nie...
> Daar moet ook in ag geneem word dat die klaagster fisies slegs lig beseer is en dat dit nie 'n langdurige aanval was nie. Aan die ander kant is daar ten opsigte van hierdie klagte verswarende faktore. Die verkragting was beplan voordat die beskuldigde die klaagster genader het. Hy het haar met 'n oop mes genader en onmiddellik daarmee gedreig. Dat sy

uiters verskrik was, moes hy gesien het. Hy het haar gedreig dat hy sou terugkom indien sy oor die voorval sou praat.
Sy is 'n fyngeboude en welopgevoede en beskaafde student wat 'n maagd was.
Hierdie eerste seksuele ondervinding wat sy deur die verkragting opgedoen het was vir die klaagster 'n uiters traumatiese ondervinding. Dit het psigiese letsels gelaat wat nou nog nie herstel het nie. Sy is nog steeds beangs wanneer sy by haar ouerhuis is en ly aan depressie.
Sy is nog steeds onder sielkundige behandeling. Die verkragting was gepleeg gedurende die dag terwyl die klaagster op haar ouerhuis se stoep gesit het, 'n plek waar 'n jong meisie veilig behoort te voel. Die beskuldigde was nie net tevrede om haar te verkrag nie, maar wou nog gehad het dat sy hom moes soen en aan sy geslagsorgaan vat. Dit moes vir haar 'n baie vernederende ondervinding gewees het.
'n Verdere omstandigheid in hierdie klagte wat in ag geneem moet word is die feit

dat/ ......

dat die beskuldigde relatief kort nadat hy op borg vrygelaat is ten opsigte van die eerste klagte, die tweede verkragting gepleeg het. Dit toon dat die beskuldigde geen respek vir die vroulike geslag en vir die gereg het nie.
Die vraag ontstaan nou, met inagneming van al die faktore, of 'n langtermyn gevangenisstraf met die moontlike rehabilitasie van die beskuldigde 'n genoegsame straf vir sy daad is. Terwyl hy so 'n straf uitdien, sal die gemeenskap natuurlik ook teen hom beskerm wees. Na my mening egter, en met inagneming van die faktore hierbo na verwys, sou dit nie 'n gepaste straf wees nie. Die verkragting het na my mening plaasgevind onder omstandighede wat ek as baie ernstig beskou. Nieteenstaande herhaalde en ernstige waarskuwings deur hierdie afdeling word hierdie tipe misdaad nog gereeld gepleeg.
Onder die omstandighede word die beskuldigde op KLAGTE 2 TER DOOD VEROORDEEL."

Wat beslis moet word is of die Verhoor-regter die diskresie wat ten opsigte van vonnis aan

hom/ ......

hom toevertrou is, op 'n behoorlike wyse uitgeoefen het. Slegs as dit nie gedoen is nie, is hierdie hof by magte om met die vonnis in te gryp.

Die eerste grond waarop dit namens appellant betoog is dat inmenging geregverdig is en dat die doodvonnis met een van 'n lang tydperk van gevangenisstraf vervang behoort te word, is dat 'n mistasting begaan is. Dit is aangevoer dat daar gefouteer is deur die feit dat appellant op borg was toe die tweede verkragting plaasgevind het, as verswarende faktor in aanmerking te neem; aangesien hy toe nog nie veroordeel en gevonnis was ten opsigte van die eerste aanklag nie, sou hy nog nie die vergeldings effek van straf gevoel het nie; elke aanklag van verkragting moes op sy eie

meriete/ ......

meriete en apart beoordeel gewees het. Ek verskil. Die feit dat hy slegs ses weke tevore iemand anders verkrag het is aanduidend van appellant se karakter en gesindheid en dit is altyd van belang tydens vonnis-oplegging (Du Toit, Straf in Suid-Afrika 87). In S vs Radebe 1962(2) S A 380 (A) te 383 C - G het hierdie hof die inagneming deur die Verhoorhof van 'n tersaaklike vorige veroordeling ten opsigte van 'n misdaad wat gepleeg is op dieselfde dag as dié waarvoor hy gevonnis is, goedgekeur (kyk ook S vs Kok 1974(1) PH H(2)). Trouens, veroordelings aan misdrywe gepleeg na die betrokke misdryf kan strafverswarend op vonnis inwerk, (R vs Zonele and Others 1959(3) S A 319(A) te 330-1). Die verhoorregter het derhalwe geen mistasting in die opsig onder

bespreking/ ......

bespreking, of enige ander, begaan nie.

Wat oorbly is die vraag of die Verhoorregter redelikerwyse die doodvonnis kon opgelê het. Dit, eerder as die toets of dit die enigste gepaste straf of 'n uiterste geval is, is die deurslaggewende vraag. (S vs Pieters 1987(3) S A 717(A)). Namens appellant is dit aan die hand gedoen dat dit ontkennend beantwoord moet word. Dit is beklemtoon dat die klaagster geen fisiese beserings opgedoen het nie; dat omdat sy nog jonk is daar nie gesê kan word dat daar permanente psigiese letsels oorgebly het nie; dat dit nie 'n langdurige aanval was nie; dat die getuienis aandui dat appellant nie arrogant was nie maar inteendeel op sy senuwees was; en dat appellant

sy/ ......

sy mes weggegooi het toe klaagster haar vrees daarvoor uitgespreek het. Die feit dat appellant skuldig gepleit het en dat hy relatief jonk was is ook ter oorweging gegee. En laastens is dit aangevoer dat die moontlikheid van rehabilitasie nie genoegsaam in ag geneem is nie.

Gewig moet verleen word aan hierdie faktore. Aan die ander kant egter het hierdie verkragting plaasgevind in omstandighede wat die Verhoorhof tereg as ernstig beskou het. Tydens die pleging van die misdaad moes die klaagster se angs al te duidelik vir die appellant gewees het; alhoewel hy blykbaar op die ingewing van die oomblik besluit het om haar te verkrag het sy optrede 'n mate van geslepenheid en beplanning

getoon/ ......

getoon (deurdat hy voorgegee het dat hy verby haar huis loop en haar toe met ŉ ompad bekruip het); en ŉ mes is gebruik in die aanval. Uiteraard moes die voorval ŉ baie vernederende en ontstellende ervaring vir klaagster gewees het. Die sielkundige gevolge wat die verkragting vir haar gehad het, het nog steeds geduur ten tye van die verhoor; en dit was nege maande na die voorval. Maar bowenal is die omstandigheid dat die misdaad in klaagster se huis plaasgevind het. Dit behoort, soos wat NEL R in wese bevind het, ŉ heilige plek te wees.

In S vs Pieters, supra, te 734 I - 735 A word verwys na ernstige gevalle van verkragting waar dit onmoontlik is om kategories te konstateer dat die doodstraf, in teenstelling met ŉ lang termyn van gevangenisstraf, die gepaste vonnis is - ware grensgevalle dus

waar/ ......

waar daar ruimte is vir geldige meningsverskille en waar 'n diskresie redelikerwyse uitgeoefen kan word na die een of na die ander kant toe. Na my mening is die huidige saak so 'n geval. 'n Lang termyn van gevangenisstraf sou 'n redelike straf gewees het. Maar inaggenome al die omstandighede was die doodvonnis ook 'n straf wat redelikerwyse kon opgelê gewees het. Daar was goeie redes vir albei. NEL R, ongeag die moontlike rehabilitasie van appellant, het besluit dat die gepaste straf die doodvonnis was. Dit is hoe hy sy diskresie uitgeoefen het. Dit kan nie gesê word dat hy die perke van redelikheid oorskry het nie. Sy diskresie is dus behoorlik uitgeoefen. Bygevolg

kan/ ......

kan daar nie ingegryp word nie.

Die appèl word afgewys.

H H NESTADT, AR

HEFER, AR )
)
) STEM SAAM
STEYN, Wnde AR )